


Liewe vriend

**In die Mei nuusbrief:**  
*Ek is 'n Karoo-kind*  
Maretha Maartens en Eno's

Dit is met lekkerkry dat ek uit die hartjie van die Karoo met jou gesels.

My man, Anthonie, het 'n beroep aanvaar na Middelburg-Karoo. In die 2 maande sedert my eerste nuusbrief, is ons besigheid Trophy Africa verkoop en het ons nesgekrop in die stilte en vlaktes van die mooie Karoo. My hart is warm vir hierdie mense wat ons toegooi met omgee, 'n lamsboudjie, eetgoed en blomme. Blomme is skaars, en dit wat hierdie sielsmense vind in hul tuin, kry 'n ere plek in my huis.



Ek is ook opgewonde en dankbaar vir hierdie nuwe seisoen want ek kan baie meer tyd spandeer aan skryf, bemerking en opleiding.

Klonte Sout is volgende in die pyplyn. Nog ongeveer twee keer se redigering voordat ek hom aan 'n uitgewer kan voorlê.

**#vlugenterug** se terugvoer het my asem weggeslaan. Dankie daarvoor. En toe kry ek terugvoer van Maretha Maartens, een van die bekende groot jeugroman skrywers van ons eeu. Wow. 'n Trippel eno-gevoel het my van kop tot kleintoontjie beet gehad. As jy wil lees wat sy skryf, volg hierdie skakel: <https://www.elsabewelman.co.za/cp/38285/> Met die volgende boeke sal ek ook videopromosies probeer. Kyk op hierdie skakel na #vlugenterug se promosie: <https://www.youtube.com/watch?v=L1A3-wbSRjl&t=4s>

Indien jy die eerste nuusbrief misgeloop het, gaan loer op my webwerf by hierdie skakel: <https://www.elsabewelman.co.za/news>